

OESTERBAAI INWONERSVERENIGING
NOTULE VAN SPESIALE VERGADERING VAN DIE BESTUURSKOMITEE
GEHOU OP 26 FEBRUARIE 2019 TE BRANDERSTRAAT, OESTERBAAI

TEENWOORDIG

Walter Kurten
Fanie Groenewald
Joe Meyer
Martiens Kunneke
Adriaan van Wyk
Riekie Pienaar
Hettie Jooste

1. OPENING

Die Voorsitter bedank almal vir hul teenwoordigheid.

2. DUINE

Joe rapporteer dat Kouga Munisipaliteit genader is om R750 000 beskikbaar te stel vir die herstelwerk aan Branderstraat. Net R600 000 is goedgekeur. Drie masjiene is reeds afgelewer en sal beskikbaar wees vir 5 weke. Ongelukkig maak die EIA net voorsiening vir werk in munisipale areas en nie op privaaterwe nie.

Die R10m wat aan Oesterbaai toegeken is vir die werk aan die duine, Slangrivier, Branderstraat en die parkeerarea sal vanaf die volgende boekjaar (oor meer as een boekjaar) beskikbaar wees.

3. PAAIE

Heelwat werk moet weer aan die paaie gedoen word. Willie Botha sal genader word om vragte gruis beskikbaar te stel. Joe benodig 1 vrag crusher run (\pm R3000), 2 werkers vir 8 dae (R3200) en 10 sakkies sement. Goedkeuring word verleen.

Spoedwalle moet opgerig word in Tunastraat, Branderstraat en Geelbekstraat. Die koste hiervoor sal ongeveer R4 500 beloop. Duidelike aanwysingsborde sal by al hierdie spoedwalle opgerig moet word. Joe sal navraag doen en die nodige toestemming kry daarvoor.

AKSIE: JOE

Sementblaai (50m²) moet ook opgerig word by die kritiese interseksies oral in die dorp.

Joe sal met Willie Botha gesels oor die skraap en rol van Umzamowethu se paaie.

AKSIE: JOE

4. GEMEENSKAPSAAL

Die ouditlys vir al die herstelwerk by die saal is deur Joe gefinaliseer en en aan almal beskikbaar gestel. Almal word gevra om daarna te kyk en insette te gee.

AKSIE: ALMAL

Prioriteit op die oomblik is die dak. Die benodighede vir die herstelwerk is reeds goedgekeur en aangekoop.

'n Debat oor die loon vir werkers word gevoer. Joe versoek dat die werkers wat aan die paaie werk se loon opskuif van R150/dag na R200/dag, waarvan R30/dag vir kos wat deur Joe voorberei en met etenstyd aan die werkers voorsien word. Hierdie werkers is nou al opgelei om hierdie

werk te doen, hulle doen stukwerk sonder toesig en dit is uitputtende werk. Martiens ondersteun die voorstel.

5. ALGEMEEN

5.1 Berig in Kouga Express

Die berig wat in Kouga Express verskyn het oor die herstelwerk aan die duine word bespreek en die komitee voel dat insette en bydraes van die OIV en Oesterbaai inwoners oor die hoof gesien is. Die komitee se strategie was nog altyd om 'n goeie verhouding met KM te handhaaf, maar KM het ons in die steek gelaat.

Fanie sal met Monique gesels oor 'n opvolgberig sonder om KM in 'n slegte lig te stel.

AKSIE: FANIE

5.2 Raadslid Daniel Benson

Raadslid Daniel Benson het versoek dat hy graag insette sal wil ontvang oor die werksaamhede van die OIV en het versoek om na vergaderings uitgenooi te word. Hy sal genooi word om die volgende vergadering by te woon.

AKSIE: HETTIE

6. VOLGENDE VERGADERING

Sal gereël word in week van 18 Maart, afhangende van die beskikbaarheid van Rdl Benson.

NOTULE AS KORREK AANVAAR EN GOEDGEKEUR.



VOORSITTER
W. KURTEN



SEKRETARESSE
H. C. JOOSTE

DATUM/DATE: 19-03-2019